

Dieselfde sindikate wat in Suider-Afrika betrokke is in die in onwettige handel van byvoorbeeld edelstene, goud, dwelms en gesteelde transito-kontant asook perlemoen, is klaarblyklik ook betrokke in wildmisdade en die smokkel van onder meer skilpaaie, ietermagô's, renosterhorings en ivoor. FOTO PIXABAY

- MISDAAD

# SMOKKEL WILDPRODUKTE SÁÁM MET ANDER ITEMS

## Sindikate diversifiseer onwettige aktiwiteite

**Dieselfde sindikate wat in Suider-Afrika betrokke is in die onwettige handel van onder meer edelstene, dwelms en gesteelde transitokontant, is klaarblyklik ook doenig met wildmisdade.**

**Elvira Hattingh**

- 16 URE GELEDE - - 2023-04-11 00:00:00

Wetstoepassers in Namibië, asook in Mosambiek en Zambië begin al hoe meer let op die onwettige smokkelary van onder meer perlemoen deur hul lande.

Dit omdat daar groeiende bewyse is dat dieselfde maatskappye en individue wat betrokke is in dié smokkelary, ook betrokke is in die uitvoer van onwettige wildprodukte en ander onwettige bedrywighede.

Inteendeel, groeiende bewyse dui op ’n samevloeiing van ander vorme van misdaad met onwettige handel in wildprodukte.

Dieselfde sindikate wat in Suider-Afrika betrokke is in onwettige handel van onder meer edelstene, goud, dwelms en gesteelde transitokontant asook perlemoen, is klaarblyklik ook doenig met wildmisdade en die smokkel van onder meer skilpaaie, ietermagôs, renosterhorings en ivoor.

Dit volgens ’n navorsingsartikel deur die Wêreldwye Inisiatief teen Transnasionale, Georganiseerde Misdaad (GI-TOC) oor die samevloeiing van wildmisdaad asook ander vorme van transnasionale georganiseerde misdaad in Oos- en Suider-Afrika.

Die artikel deur Alastair Nelson is verlede week vrygestel. Nelson is ’n senior ontleder by die GI-TOC en word as ’n kenner in wildmisdaad, korrupsie en georganiseerde misdaad beskou en is reeds vir langer as 30 jaar betrokke by die bekamping van wildmisdaad in Oos- en Suider-Afrika asook in die Horing van Afrika.

STROPERS NIE GEHARD

Nelson sê wat Namibië betref, het hy indiepteonderhoude met die Blue Rhino-taakmag asook die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme se direktoraat vir bosbou en visserye gevoer.

Volgens die verslag gebeur dit selde dat ’n samevloeiing van misdaad reeds tydens die stroping van wild plaasvind.

“Dit beteken die meeste stropers is nie geharde misdadigers wat betrokke is in verskillende tipes georganiseerde misdaad nie. Dit is egter met uitsondering van renosterstropery in Suid-Afrika en

die suide van Mosambiek.

“Daar is groeiende bewyse dat geharde renosterstropers ook betrokke is in transitorooftogte, die opblaas van OTM’s en die uithuur van vuurwapens aan misdaadgroepe.

“Bewyse is ook gevind dat korrupsie en geldwassery fundamenteel tot georganiseerde misdaad is. Dus behoort ondersoeke en maatreëls ’n integrale deel van misdaadondersoeke te vorm.

“Die identifisering van korrupsie, asook korrupte fasiliteerders, vanaf die middelpunt waar onwettige produkte gesmokkel word, bied ’n geleentheid om ander vorme van misdaad, misdaadnetwerke asook –metodes beter te verstaan,” het Nelson gesê.

LAE RISIKO

Hy sê wildmisdade is oor die algemeen ’n lae risiko vir sindikate en die straf daarvoor is ligter in vergelyking met ander vorme van ernstige misdaad.

“Sommige misdaadnetwerke ‘toets’ eers smokkelroetes en metodes met wildprodukte, voor hulle dit benut om ander onwettige produkte te smokkel.

“Tog raak misdaadnetwerke wat betrokke is in die wildbedryf al hoe meer gesofistikeerd en gebruik hulle meer verfynde metodes om produkte in die hande te kry.

“Hoë waarde wildprodukte het net nog ’n waardevolle kommoditeit geraak wat georganiseerde misdaadnetwerke bekom en mee smokkel.”

Nelson sê internasionale sindikate diversifiseer na wildprodukte omdat dit hul winste kan verhoog, hul risiko’s kan versprei, operasionele koste kan verminder, vinnig aangepas kan word na gelang van die vraag of as wetstoepassers toeslaan, terwyl dit ook hul inkomste vergroot.

Nelson het die navorsing vir sy jongste artikel tussen Januarie 2021 en Augustus 2022 afgehandel.

– elvira@republikein.com.na